



# Betaal skuld net as . . .

Hoe gemaak as jy geld erf? Moet jy jou skuld betaal of moet jy dit eerder belê? Kyk wat sê die somme.

**M**ense wat geld erf, vra my gereeld of hulle skuld daarmee moet betaal of dit eerder moet belê.

Skuld is een van daai dinge waarvan niemand hou nie, tog het omtrent almal dit. Daarom is dit so moeilik om dié vraag te beantwoord.

Dit help nie ek sê betaal jou skuld en dan maak jy binne 'n jaar of twee weer skuld nie, of hoe? Dan sit jy maar weer met skuld en jy het geen belegging nie. Dis mos simpel. Dan spaar ek liewer eenkant en betaal maar die skuld aan die anderkant af.

Ek weet niemand met die blink voorneme om die skuld te betaal en nooit weer skuld te maak nie, gaan my argumente volg nie. So kom ons kyk maar wat die somme sê.

## KYK NA OPBRENGS

As jou opbrengs op die belegging hoër is as die rente wat jy betaal, is dit beter om die belegging te maak. Maar wees seker die opbrengs is beter, moenie raai nie.

Wat is 'n seker opbrengs? Op die oomblik kan jy op 'n vyf jaar gewaarborgde beleggingsplan so 7% rente per jaar verdien. Enigiets meer is nie seker nie, hoewel nie noodwendig 'n hoë risiko nie. Moenie daardie hoë opbrengste wat in rugbytyd op TV

geadverteer word, glo nie. Dis net trane wat lê en wag.

Die prima uitleenkoers – die koers waarteen die beste kliënte geld leen – is tans 9,5%. As jy regtig oorweeg om eerder skuld af te betaal en hierdie syfers is van toepassing, is dit finansieel gesproke beter om liewer die skuld af te los, want jy “spaar” dan geld teen 9,5% en nie teen 7% nie.

Eintlik spaar jy meer, want skuld word afbetaal met nabelaste geld. Jou inkomste word dus eers belas, en dit wat oorbly, gebruik jy om jou skuld te delg. As jy belasting betaal teen 30%, beteken dit eintlik jou skuld teen 9,5% jaag jou 13,57% uit die sak. Met die belegging moet jy dus 13,57% klop. En dan gaan jy 'n skaflike mate van beleggingsrisiko moet aanvaar.

Maar daar is meer. Die opbrengs op jou belegging is ook belasbaar. Op rente en huurinkomste betaal jy inkomstebelasting teen jou marginale koers en op dividende teen 15%. Jy het jaarliks 'n rente-vrystelling van R23 800 (as jy jonger as 65 is), maar selfs as

**Raak ontslae van die skuld, betaal minder belasting en skep welvaart vir aftrede.**

jy dit in ag neem, lewer rentedraende beleggings nie juis genoeg vir hierdie argument nie. Geldmark-beleggings is die swakste wat jy tans kan maak.

## BETAAL LIEWER DIE SKULD

As jy seker is jy gaan nie weer skuld maak nie, betaal dan liewer die skuld. Om meer voordeel hieruit te trek, moet jy met die erf-geld 'n bate skep, anders het jy ten opsigte van welvaart nog niks bereik nie.

Betaal die skuld en spaar dan die paaielement daarop in 'n uitree-annuïteit (UA) waar jy die belastingaftrekking kry. Jy spaar dus met vóórbelaste geld. Jou opbrengs word ook nie belas nie. In 'n UA kan jy maklik die 9,5% ewenaar en met die belastingvoordeel is dit 13,57%.

Só is jy ontslae van die skuld, betaal jy minder belasting en skep jy welvaart vir aftrede. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produksverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*